

ONS POSISIE IN CHRISTUS EN ONS AARDSE REALITEITE

WD Jonker

Tydens die konferensie van sendelinge in diens
van die NG Kerk Wes-Kaapland,
gehou te Chongani, Malawi

2–5 Mei 1997

Inhoudsopgawe

Inleiding

- 1. Ons Posisie In Christus Volgens Romeine 6 en 8**
 - 1.1 Die diepste geheim van Christene
 - 1.2 Ons identifikasie met Christus
 - 1.3 Die implikasies van ons posisie in Christus
 - 1.4 Dit is die basis van Paulus se boodskap van triomf

- 2. Die Realiteit Van Ons Blywende Sondigheid (die raaisel van Romeine 7:7–25)**
 - 2.1 Die spanning in ons aardse situasie
 - 2.2 Ons blywende sondigheid
 - 2.3 Die mens van Romeine 7
 - 2.4 En ons dan?

- 3. Die Realiteit Van Lyding (Romeine 8:17–30)**
 - 3.1 Ons bevryding in Christus is op aarde nog nie 'n volkome bevryding nie. Ons het nog steeds deel aan die lyding van Christus
 - 3.2 Ons het ook as mense vanweë die sonde deel aan die lyding wat saamhang met die gebrokenheid van ons aardse bestaan
 - 3.3 Christene sug daarom nog saam met die skepping in afwagting van volkome bevryding
 - 3.4 Die draers van die Evangelie is breekbare kleipotte
 - 3.5 God gebruik lyding om ons te heilig
 - 3.6 Die hoop as fundamentele element van ons geloofslewe

- 4. Die Realiteit Van Benoudheid En Sorge . . .**
 - 4.1 Gods kinders is nie gevrywaar teen benoudheid en sorg nie
 - 4.2 Die Bybel roep ons op om ons sorg aan God af te gee en Hom volkome vir ons lewe te vertrou . . .
 - 4.3 Die Bybel is daarom vol van die geloofsroem van Gods kinders wat weet dat God in ons nood daar is
 - 4.4 Daar is 'n groot stuk geestelike volwassenheid nodig om van onself weg te kyk en die saak van Gods koninkryk voorop te stel

- 5. Niks Kan Ons Van Gods Liefde Skei Nie . . .**

- 5.1 Ons is meer as oorwinnaars, want God is vir ons en niks kan ons van die liefde van Christus skei nie . . .
- 5.2 Daarom is dit so belangrik om te weet:
Net by God vind ek rus (Psalm 62:2,6)
- 5.3 Daarom is dit so belangrik dat ons in ons lewe ruimte moet maak vir die verlange na God self (Psalm 42) . . .
- 5.4 Juis ons moeilikhede en swakhede kan daartoe dien om ons na God uit te dryf en, paradoksaal, ons sterk te maak in Sy krag

Inleiding

As ek die bedoeling van hierdie paar dae reg begryp, dan is dit dat dit ons moet help om aan die gewone drukte en sorg van ons dagtaak te ontkom en 'n keer weer geestelik asem te skep. Dit het my laat dink aan die naambordjie van 'n plek van rus en stilte wat deur Engelse Christene tussen Pretoria en Johannesburg ingerig is. Ek het dit meermale gelees – sonder om te weet wat dit beteken: CYARA. Eers toe iemand aan my gesê het dat dit 'n afkorting is vir “Come ye apart and rest awhile”, het ek die gepastheid daarvan gesnap. Dit herhaal die uitnodiging wat Jesus volgens Markus 6:31 aan sy dissipels gerig het: Kom julle alleen saam na 'n stil plek en rus 'n bietjie. Mag dit so wees dat hierdie paar dae ook vir ons almal 'n tyd van innerlike ontspanning en rus in die teenwoordigheid van Christus sal wees!

Toe ds Koch met my oor die uitnodiging hierheen gepraat het, het hy onder andere gesê dat dit in die konferensie om die toerusting met die Heilige Gees moet gaan, om geestelike vernuwung en toewyding. Dit is groot temas. 'n Mens kan dit ook uit verskillende gesigshoeke aanpak en verskillende verwagtinge daarvan koester. Christene van 'n meer Pinkster georiënteerde geestelike rigting sal waarskynlik ander verwagtinge van so 'n naweek koester as mense wat vanuit die gereformeerde hoek kom. Vir myself lyk dit belangrik dat ons oor die tema moet praat wat dit in hierdie situasie konkreet beteken dat ons kinders van God en gestuurdes van Hom in hierdie spesifieke tyd is. Ons het behoefte daaraan om deur die krag van die Gees gevorm en toegerus te word om die taak wat ons tans moet verrig, te kan aandurf. Daarom het ek dit goed gedink om u aandag te vra vir wat ons te doen staan in 'n situasie van gespletenheid en gebrokenheid soos die waarin ons tans geroep is om die werk van die Here te doen. Hoe moet ons die probleme wat ons daarin ontmoet, die baie teenslae en swarighede op ons weg beoordeel en hanteer, sodat ons die las daarvan kan dra en oorwinnend te midde daarvan kan lewe. Ek hoop dat ons saam sal kan dink oor die manier waarop God ons juis in die moeilike en moeisame gang van ons verpligtinge wil dra en lei.

Ek het dit dus goed gedink om u aandag te vra vir 'n onderwerp waarvan ek hoop dat dit nie sonder betekenis vir u persoonlike geestelike situasie as Christene sal wees nie, maar wat in die besonder u situasie as mense met 'n bepaalde roeping op die oog het. Daardie roeping moet u op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde tyd vervul. Ons leef te midde van groot veranderinge en groot nood in die geskiedenis van Afrika. Dit raak nie net ons eie land nie, maar in 'n baie direkte sin ook u situasie as gestuurdes wat buite die grense van ons land u roeping moet vervul. U word gekonfronteer met probleme rondom u en in u, en die vraag is dikwels hoe ons ons moet opstel in 'n situasie wat ons uitwendige en inwendige posisie ten diepste raak. Ek glo dat ek gelei is om onder hierdie omstandighede met u te praat oor die tema: Ons posisie in Christus en ons aardse realiteite.

Dit is nie my bedoeling om daarmee allerlei nuwe dinge aan u te kom sê nie. Dit gaan in ons geestelike opbou dikwels juis daarvoor dat die ou-ou tyding maar weer aan ons gebring moet word. Paulus skryf aan die Filippense dat dit nie vir hom moeite is om dieselfde dinge weer aan hulle te skrywe nie, en dat dit aan hulle sekerheid gee (Filippense 3:1). Hy skryf ook aan die Romeine dat hy hulle slegs wil herinner aan die dinge wat hulle reeds weet (Romeine

15:15). En Timoteus ontvang die opdrag om die gelowiges te herinner aan die heilswerk van Christus waarvan hulle reeds goed weet (2 Timoteus 2:14). In ons geestelike lewe moet ons telkens maar weer gewys word op die waarheid waaraan ons geloof hang. Daarom is dit sinvol dat ook ons opnuut praat oor basiese dinge waarvan ons reeds baie goed weet. Mag ons daarby ervaar dat die Heilige Gees ons opnuut aanraak en aan ons in hierdie paar dae 'n nuwe perspektief bied van waar uit ons na ons situasie kan kyk!

Tema: **Ons posisie in Christus en ons aardse realiteite**

Die tema word in min of meer losse aansluiting by Romeine 6–8 en enkele ander Bybelgedeeltes soos volg in vyf onderwerpe onderverdeel:

1. **Ons posisie in Christus** (Romeine 6:1–14).
2. **Die realiteit van ons blywende sondigheid** (Romeine 7:7–25).
3. **Die realiteit van lyding** (Romeine 8:17–25).
4. **Die realiteit van benoudhede en sorg** (Romeine 8:26–30).
5. **Niks kan ons van Gods liefde skei nie** (Romeine 8:31–39).

Die sentrale saak wat daarby op die voorgrond staan, is dat ons in Christus reeds geseën is met alle geestelike seëninge wat daar in die hemel is (Efesiërs 1:3), maar dat ons in ons aardse werklikheid om verskeie redes nog so min daarvan ervaar. Ons wandel op aarde nie in aanskouing nie, maar enkel deur die geloof (2 Korintiërs 5:7), of soos die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) sê: Ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. Dit het ingrypende implikasies vir ons situasie en ons geloofswandel. Ek wil probeer om dit te illustreer deur stil te staan by die beeld van die gelowige soos dit vir ons deur Paulus in enkele uitsprake geteken word, vernaamlik in Romeine 6–8 en enkele ander plekke.

1. ONS POSISIE IN CHRISTUS VOLGENS ROMEINE 6 EN 8

1.1 Die diepste geheim van Christene

Die groot versoeking vir Christene is dat hulle so verstrik kan raak in die realiteite van die lewe, dat hulle net daarin opgaan en nie meer voortdurend bewus bly van wat eintlik die diepste geheim van hulle lewe is nie: hulle posisie in Christus. Maar as dit gebeur, gaan ons lewe op in ons eie stryd en pogings om die goeie te doen, en so eindig ons maar net weer met religie, godsdienstigheid. As ons nie oppas nie, word ons geestelike lewe dan maar weer 'n lewe van allerlei morele bes-doeninge en aktiwiteit, terwyl ons die sekerheid en vreugde daarvan mis om te weet dat ons nie meer religieus hoef te lewe nie, maar uit die geloof. Die religie is 'n algemeen-menslike verskynsel en bestaan daarin dat 'n mens jou bes doen om die goeie te doen, die kwade te vermy, en bepaalde religieuse pligpleginge na te kom. In die situasie lees ons oor die geweldige uitsprake van die NT heen, enersyds omdat ons so gewoon is aan die klank daarvan, dat ons die betekenis daarvan nie meer verstaan nie; andersyds omdat ons dit miskien regtig nie meer ernstig opneem nie. Die Bybel wil ons egter oproep tot 'n lewe vanuit ons status en posisie in Christus, wat 'n geloofsposisie is. Dit vra van ons niks minder nie as 'n nuwe manier van dink. Dit vra van ons om vanuit die toesegginge en beloftes van die Evangelie te lewe. Kom ons probeer kyk wat die Bybel werklik van ons geestelike posisie sê en watter konsekwensies dit vir ons daaglikse geestelike lewe het. Ons kan dit die beste doen aan die hand van enkele grepe uit die Brief aan die Romeine.

1.2 Ons identifikasie met Christus

Die hooftema van die Brief aan die Romeine is ons verlossing in Christus. Na die kort inleiding waarin Paulus 'n kort samevatting van die Evangelie gee en vertel van sy roeping

om die Evangelie aan alle mense te verkondig, gaan hy daartoe oor om die verlossingsboodskap te ontvou deur eers te wys op die goddeloosheid van die mense en die straf van God wat daarop rus, en daarna te wys op die genade van God wat in Christus geopenbaar is.

Die sentrale inhoud van die Evangelie wat Paulus verkondig is dat almal gesondig het en ver van God af is, maar dat hulle, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Gods genade vrygespreek word vanweë die verlossing deur Jesus Christus (323–24). Hierdie absoluut vrye, onverdiende heil wat in Christus geskenk word, word deur die geloof alleen en dus suiwer uit genade ontvang, en beteken dat daar aan die gelowiges 'n status en posisie in Christus toegeken word wat in die Nuwe Testament in die allerheerlikste terme beskryf word. In hierdie eerste ontmoeting wil ons slegs op hierdie posisie van die gelowiges in Christus konsentreer soos die Evangelie dit aan ons as 'n objektiewe realiteit voorhou. Die objektiewe realiteit van die heil is die stand van sake soos dit van ons in Christus voor God geld, die realiteit van wat God in Christus vir ons gedoen het en hoe God dit van sy kant sien.

Paulus verkondig die boodskap van heil nie as 'n boodskap wat afhanklik is van die keuse van die enkeling, asof die heil van die mens berus op sy eie keuse as sodanig nie. Hy verkondig die Evangelie as 'n handeling van God wat die heil vir die mensheid bewerk het deur Christus. Daarom kontrasteer hy in Romeine 5 die verlorenheid wat die resultaat is van die verbondenheid met Adam as eerste hoof van die mensheid, met die redding wat tot stand kom in Christus as die nuwe Hoof van die mensheid. Die heil is dus nie iets wat tot stand kom deur die mens se bekering en geloof nie. Dit het klaar tot stand gekom deur die gehoorsaamheid van Christus as die Hoof van die nuwe mensheid. Soos die ou mensheid in Adam deel ontvang het aan die verlorenheid, ontvang die nuwe mensheid deel aan die heil deur verbondenheid met Christus. Die posisie van die mens word dus heeltemal bepaal deur die vraag of hy in Adam en of hy in Christus is. Van ons kant gesien, val die beslissing daaroor in die geloof. Wie in die geloof Christus omhels, ontvang die sekerheid dat hy/sy in Hom die volle heil deelagtig is en dus ook geestelik in sy posisie en heerlikheid deel. Niemand kan hom/haar uit die hand van Christus ruk nie.

In Romeine 6 word die identifikasie wat tussen Christus en die gelowiges tot stand kom, op verskillende wyses uitgespel. Daar word veral beklemtoon dat die gelowiges met die dood en opstanding van Christus geïdentifiseer is – soos dit in die doop beseël word (vgl 6:4–6). Die doop is volgens Paulus nie 'n menslike getuiedenisdaad (soos alle Doperse groepe dit altyd weer verstaan nie), maar die sakramentele bevestiging aan ons dat alles wat Christus vir die sondaar verkry het, aan ons toegesê, geskenk en beseël word. Daarom is die kinderdoop ook so onuitspreeklik ryk aan betekenis. Dit verseker aan ons dat wat in Christus se dood en opstanding geskied het, vir en met ons geskied het. Die ou, sondige mens wat ons was, is saam met Christus gekruisig, sodat ons nie meer slawe van die sonde hoef te wees of kan wees nie. Voor God is ons ou, sondige bestaan volgens vers 6 beëindig. Dit beteken dat ook die slawerny onder die mag van die sonde tot 'n einde gekom het. Dit kulmineer in die magtige woorde van vers 11:

Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is maar vir God lewe, omdat een is met Christus Jesus. Die heil in Christus is nie net die toerekening van Christus se heilswerk aan ons nie, maar 'n mistieke werklikheid wat aan ons geskenk is.

Vir die Evangelie wat Paulus verkondig, is dit beslissend dat ons status en posisie voor God bepaal word deur ons identifikasie met Christus. Ons diepste werklikheid is nie wat van ons gesien kan word nie, maar wat in Adam en Christus met ons gebeur het. Die volle betekenis daarvan word miskien die mooiste tot uitdrukking gebring in Efesiërs 2:5–7, waarin nie net gewag gemaak word van vergiffenis van sondes en die vryspraak nie, maar ook van die nuwe posisie van die gelowiges in Christus: hulle is saam met Hom opgewek uit die dood en het saam met Hom 'n plek in die hemel ontvang, sodat God in die tye wat kom, kan laat sien

hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus aan ons bewys het.

Paulus praat hier nie van sy bekeringservaring nie, maar van die goddelike beslissing wat eens en vir altyd in Christus oor hom geval het. Netso: wanneer Paulus in Galasiërs 2:19–20 skryf. “Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe”, dan wys hy daarmee nie op dit wat in sy bekering met hom gebeur het nie, maar op die diepste werklikheid van ons posisie in Christus wat vir ewig voor God vasstaan en wat die grond van ons bekering is. Die Bybel verwag van ons om oor onself op ’n ander manier te dink as net maar aan ons ervaarbare bestaan en geskiedenis: dit verwag van ons om in die geloof aan onself te dink soos ons in God se handeling in Christus opgeneem is. Paulus praat van ’n goddelike beskikking oor ons, van die objektiewe stand van sake, van ons heil soos dit in Christus vaslê. Nie ons geloof en bekering nie, nie ons groot bekeringservarings nie, maar Gods gawe en genadige beskikking oor ons bepaal ons posisie in Christus.

Daarom lê ons heil vas in Jesus. Sy bloed is vir ons gestort. Sy Naam is vir ons die soetste Naam. Die eerste gebedjie wat my moeder my geleer het, was eintlik geen gebed in die gewone sin van die woord nie. Dit was eenvoudig 1 Johannes 1:7 volgens die Nederlandse vertaling: *Het bloed van Jezus Christus reinigt mij van alle zonden*. As ek as voorskoolse kleuter soggens in die kombuis opdaag vir ’n bietjie koffie, het sy gevra: “Het jy al “het bloed” gesê?” As dit nie die geval was nie, moes ek terug om by die bed te gaan kniel om dit uit te spreek. Eers later het ek die sin daarvan verstaan: die volle objektiwiteit van die heil, ons posisie in Christus – daaruit moet ons lewe; daarmee moes ek my dag ingaan. Niemand van ons kan iets beters as dit doen nie.

1.3 Die Implikasies van ons posisie in Christus

Die boodskap wat die Reformasie herontdek het, was hierdie boodskap van die versoening wat God bewerk het en die regverdiging deur die geloof en uit genade alleen (Ridderbos, “Paulus: Omwerp van zijn theologie.” Kampen, 1966, 171–222). Hierdie heil het geweldige konsekwensies vir die lewe van die gelowiges. Volgens die boodskap van Paulus is dit immers nie net so dat God in sy groot handeling in Christus die vrypraak van ons skuld deur die geloof aan ons geskenk het nie, maar ook die verlossing uit die mag van die sonde, dit wil sê: die geestelike vernuwing – die heiliging en die volharding as werklikhede wat deur Christus en die Heilige Gees reeds aan ons geskenk is en in ons lewe uitwerking moet vind. Dit lê alles klaar vas in die dood, opstanding en verheerliking van Christus en in die uitstorting van die Heilige Gees. Soos ons kragtens ons eenheid met die gevalle mensheid deel het aan die sonde en die skuld van die mensheid en dit in ons lewe ook telkens weer verwerklik, so het ons in Christus deel aan die verlossing en die vernuwing deur die Heilige Gees – en dit moet tans in ons lewe verwerklik word.

Die versekering van Romeine 6:2 dat ons vir die sonde dood is, beteken dat ons deel het aan die eenmalige, heilshistoriese dood en opstanding van Christus. Dit is deur die doop aan ons beseël. In Romeine 6:5–11 word die identifikasie tussen Christus en die gelowiges in duidelike taal uitgespel. Daardie eenheid met Christus kom nie tot stand deur ons geloof of bekering nie, maar is ’n werklikheid van Gods beskikking oor ons wat in die geloof ontvang en beaam word. Van die gemeente geld dat hulle eenmaal werklik in Christus gesterf en opgestaan het en dat hulle daarom werklik deel het aan alles wat van Hom is. Dit is hulle geestelike werklikheid. Daarvan mag hulle uitgaan en daarvan moet hulle vashou. Dit is nie iets wat hulle verdien of self verwerf het nie: dit is ’n geskenk van God, ’n beskikking van God oor hulle deur sy liefdesdaad in Christus. Dit is nie die resultaat van hulle eie godsdienstigheid of inspanning nie; dit is eenvoudig ’n onverdiende gawe van God wat Hy uit vrye guns alleen tot hulle deel gemaak het.

Laat ons dit nog ’n keer anders sê: Paulus sê nie dat al hierdie dinge die deel van die

gelowiges geword het, omdat hulle tot bekering gekom en geglo het nie. Dat hulle vir die sonde gesterf het en lewend geword het vir God, is nie 'n etiese nie, maar 'n heilshistoriese werklikheid, omdat hulle kragtens Gods beskikking in Christus begrepe is. Daarom kan Paulus in 6:10–11 skryf: *“Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus.”*

Hierdie laaste woorde is uiters belangrik, want dit dui daarop dat Christus eens en vir altyd deur sy dood aan die mag en invloed van die sonde 'n einde gemaak het. Op Homself het die sonde geen vat nie, maar ook nie op diegene wat in Hom is nie. Wie deur die geloof met Christus verenig is, is aan die heerskappy van die sonde onttrek. Dit is hulle amptelike status, hoewel dit in die praktyk van hulle lewe gerealiseer word langs die weg van die geloof.

1.4 Dit is die basis van Paulus se boodskap van triomf

In Romeine 8 as geheel, trek Paulus die konklusies uit hierdie geestelike werklikheid van ons ingeslotenheid in Christus. In Romeine 8:1–17 gee Paulus aan ons die versekering dat Christus vir ons werklik alles verkry het wat ons nodig het om te lewe en God te dien, soos dit in 2 Petrus 1:3 lui. Dit begin daarmee dat daar nou geen veroordeling meer vir ons nie (vs 1). Paulus grond hierdie sekerheid daarop dat die gelowiges se bestaan weggehaal is onder die eise van die wet waaraan hulle sou moes voldoen, en dat dit te staan gekom het onder die orde van die Gees, sodat hulle nie meer deur die wet veroordeel word nie. Hulle het 'n nuwe lewensbeginsel ontvang, deurdat God in Christus klaar met die sonde gehandel het en die eis van die wet dus wat hulle betref, afgehandel is (vs 2–3). Hulle lewe nou onder die heerskappy van die Gees, omdat Christus in hulle woon en deur die Gees die beheer oor hulle lewe oorgeneem het. Vanweë die geweldige beslissing wat in Christus oor hulle geval het, staan hulle nie meer onder die wet nie, maar lewe hulle uit die genade. Die Gees getuig saam met hulle gees dat hulle kinders van God is, en omdat hulle kinders is, is hulle ook erfgename wat aan niks minder deel sal hê nie, as die heerlijkheid van Christus self (vs 3–17).

Hierdie insigte lei Paulus na die heerlike triomflied wat ons in Romeine 8:28–39 vind. Die verantwoordelikheid vir die verwerping van hulle heil is van die gelowiges afgeneem. Die heil is 'n geskenk van God en dit is so groot en heerlik, dat daarvoor alleen in lofprysende terme gepraat en gesing kan word. God is vir ons – wie kan teen ons wees? God spreek ons vry – wie kan ons veroordeel? Van Gods kant word ons gesien as een met Christus wat gesterf en opgestaan het, verheerlik is en tans aan die regterhand van die Vader vir ons intree. Wie of wat kan ons van die liefde van Christus skei? Paulus kan al die magte van die dood en lyding uitdaag om dit te probeer doen, want uiteintlik is ons in al hierdie dinge meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet (Romeine 8:37). Daarom kan hierdie heerlike gedeelte beëindig word met die uitdagende woorde van Romeine 8:38–39: *“Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.”*

Ons kom later weer op hierdie triomflied terug. Wat nou vir ons belangrik is, is om dit geestelik op ons te laat inwerk en vir ons toe te sien dat dit alles met ons posisie in Christus gegee is. Die probleem met baie van ons is dat ons hierdie dinge wel in die Bybel lees en dit ook intellektueel verstaan, maar tog moeite daarmee het om dit ook eksistensiële vir onself toe te sien. Dit moet telkens weer en selfs van oomblik tot oomblik deur die geloof toegeëien word, maar in die praktyk van ons lewe is dit moeilik om dit te doen. Ons is so gewoon daaraan om benede die maat te lewe. Ons raak so verstrikt in die daaglikse beslommeringe. Ons is so gewoon aan die druk waaronder ons verkeer. Die gevolg is dat ons dit dikwels as

'n stukkie mooi teorie beskou. Ons aanvaar ook wel dat dit waar is omdat die Bybel so sê, maar ons lewe tog nie eintlik werklik daaruit nie.

Juis daarom is tye soos hierdie noodsaaklik, om ons daartoe uit te daag om weer te sien dat die Evangelie aan ons hierdie heerlike boodskap bring en ons daartoe oproep om dit opnuut vir ons toe te eien. Ons moet in die geloof opnuut Efesiërs 2:5–7 tot ons laat deurdring, en daaraan vashou as die diepste werklikheid van ons geestelike posisie in Christus. Daar staan: *“Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.”*

2. DIE REALITEIT VAN ONS BLYWENDE SONDIGHEID (Die raaisel van Romeine 7:7–25)

2.1 Die spanning in ons aardse situasie

Die Bybel laat ons duidelik sien dat die posisie wat ons in Christus besit, gedurende ons aardse lewe nog in ’n sterk spanning verkeer met die realiteite van ons aardse bestaan. Daar word gewoonlik in die teologie gepraat van die spanning wat daar in die verkondiging van die NT oor die heil sigbaar word tussen die alreeds en die nog nie. Aan die een kant is daar die heerlike werklikhede van die Evangelie soos dit bv. in Efesiërs 2:4–7 uitgespel word: *God wat groot in barmhartigheid is, het ons innig lief. Daarom het Hy ons nie net uit genade gered nie, maar ook aan ons ’n plek saam met Hom in die hemel gegee, sodat Hy in die eeue wat kom, kan laat sien hoe geweldig groot sy goedheid is wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.* Maar aan die ander kant is die Bybel ook uitgesproke daaroor dat ons nog nie volkome verlos is nie. Langs die alreeds staan ook die nog-nie. Ons het nie net deel aan die nuwe werklikheid nie, maar ook nog aan die ou werklikheid; nie net aan die nuwe eeu nie, maar ook nog aan die ou eeu. Ons het die skat van die heil in erdekruike (2 Korintiërs 4:7v, 5:2,4). Die skepping sug nog in afwagting van die openbaarmaking van die kinders van God (Romeine 8:22–23), en ons wat die Gees as eerste gawe ontvang het, sug ook, net soos Christus ook gesug het (Markus 7:34, 8:12).

Dit is vir die gelowige ’n groot probleem dat die verlossing nie sonder meer beteken dat ’n mens van alle stryd en pyn en mislukking in jou geestelike lewe bevry is nie. Dit is ’n feit dat daar aan ons ’n tweeslagtigheid kleef, wat beteken dat ons nie konsekwent kan leef uit wat die belofte van verlossing in die NT is nie. Daar is aan die situasie van die gelowige twee kante: die kant van die alreeds, maar ook die kant van die nog nie. Ons sou kon sê dat dit in Romeine 8:1–17 en 31–38 gaan om die “alreeds”. Maar wat alreeds van ons in Christus waar is, is “nog nie” ten volle waar in ons aardse situasie nie. Daarvoor gaan dit in Romeine 8:18–30. Ons het aan die een kant deel aan die nuwe eeu wat in Christus ’n werklikheid is, maar aan die ander kant het ons ook nog steeds deel aan die ou eeu met sy ellende en onverlostheid, sy stryd en pyn.

Om dit te verduidelik, gebruik Paulus in Romeine 8:22 die beeld van ’n vrou wat in pyn verkeer voor die geboorte van haar kind. Daar is ’n bepaalde tweeslagtigheid in ons huidige situasie. Die werklikheid van die heil staan vas, maar die deurbraak daarvan is vergelykbaar met ’n pynlike geboorte. Paulus wil daarmee sê dat die volle deurbraak van die heil seker is, maar dat daar nog baie pyn aan vooraf sal gaan. Daarom is dit tiperende en baie inhoudryke woorde wat in Romeine 8:24–25 val: *Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat ’n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding.*

In hierdie verband is Hebreërs 11 van ingrypende betekenis: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie*. Die hele hoofstuk bestaan daaruit dat vertel word hoedat al die helde van die geloof in dieselfde posisie was: hulle moes aan Gods beloftes vashou, ook al het hulle nie verkry wat beloop is nie. Dit is egter van groot belang dat daaraan toegevoeg word: maar hulle het dit uit die verte gesien en daarvoor gejuig (Hebreërs 11:13,39). Deur die geloof het hulle reeds deel gehad aan die werklikheid waarin hulle geglo het, hoewel hulle aardse en historiese realiteite dit in allerlei opsigte weerspreek het.

Hoe lank moes Abraham met 'n belofte lewe voordat hy die vervulling daarvan gesien het? Hoe lank moes Josef in Egipte wag voordat hy weer sy vader gesien het? Hoeveel mense het volgens Hebreërs 11 nie gesterwe, sonder om die vervulling van die beloftes te ervaar nie? Hierdie situasie geld ook van ons. Hoewel ons in die nuwe bedeling duideliker as hulle die bevestiging het van ons posisie in Christus; hoewel ons die duidelike prediking van Paulus het wat ons verseker dat alles wat in Christus geskied het, ook klaar reeds met ons geskied het en dat die beslissing oor ons ewige wel en wee reeds eers en vir altyd in Hom geval het; geld dit tog ook maar van ons dat ons in hoop gered is en daarom moet wag op die heerlikheid wat sal kom (Romeine 8:24–25). So sê ook 1 Joh. 3:2 dat ons reeds kinders van God is, maar dat dit nog nie geopenbaar is wat ons sal wees nie, hoewel ons weet dat as Hy verskyn, ons aan Hom gelyk sal wees.

2.2 Ons blywende sondigheid

Die spanning in ons aardse situasie het met twee dinge te make: aan die een kant is daar die pynlike elemente van die gebrokenheid van die aardse lewe deur siekte, teenspoed, pyn, moeite, mislukking en dood (al die swaar en donker dinge waarvan die Bybel in sy geheel baie goed weet), maar aan die ander kant is daar ook die pynlike element van ons blywende sondigheid. Op die moeilike vraag na die samehang tussen hierdie twee dinge hoef ons hier nie verder in te gaan nie. Vir ons onderwerp is dit belangrik dat ons ons 'n oomblik besig hou met die spanning tussen die alreeds, en die nog nie.

Daar is Christene wat so sterk klem lê op die alreeds, dat hulle dit as sonde en ondankbaarheid, ja selfs as 'n dwaling sien om rekening te hou met die nog nie. Dit kan selfs inhou dat hulle die realiteite van die ou eeu waaraan ons elke oomblik nog deel het, probeer ontken. In die verskynsel wat ons die perfeksionisme noem, word volgehou dat dit vir die gelowige in Christus moontlik is om volmaak sondeloos te lewe. Ander Christene verkondig weer dat God in elke opsig vir die ware gelowiges sorg, sodat ook pyn, siekte, ellende en armoede van hulle weggeneem word. Daar is selfs in Amerika Christene wat 'n sogenaamde “prosperity cult” propageer: die leer dat 'n Christen deur God ook materieel voorspoedig gemaak word as hy/sy maar net op die regte wyse daarvoor vra. Soms meen hulle selfs dat 'n mens se materiële rykdom 'n soort bewys daarvan is dat jy naby aan die Here lewe. Dit spreek vanself dat 'n mens die Bybel baie verkeerd moet verstaan as jy hierdie standpunt handhaaf.

Maar daar is ook Christene wat so bewus is van die ander kant, nl. die ou werklikheid waaraan ons deel het, dat hulle soveel klem daarop lê, dat hulle in 'n somber soort geloofslewe verval. Dit kan daartoe lei dat hulle voortdurend nie net met die donkerte en die blywende sondigheid van die mens besig bly en hulle hele geestelike lewe op die dood van die ou mens rig nie, maar die blydschap van die geloof en die moontlikheid van geestelike groei en oorwinning feitlik misken.

Ons sal egter moet leer om in alle nugterheid aan albei vas te hou – aan die alreeds sowel as aan die nog-nie. Dit beteken dat ons geestelike lewe aan die eenkant 'n lewe van diepe vreugde en dankbaarheid moet wees, maar terselfdertyd ook 'n lewe van nugterheid wat ons konkrete en reële situasie betref. Dit hou in dat ons voortdurend in die stryd betrokke is om

deur geloof en gehoorsaamheid te word wat ons is. In David Bosch se boekie “Spirituality of the Road” bepleit hy ’n soort vroomheid wat met alle nugterheid rekening wil hou met die volle gebroke werklikheid waarin ons leef, sodat ons nie net in ’n verhewe en emosionele soort vroomheid bly steek wat slegs in die binnekamer beoefen kan word nie, maar dat ons ook moet uitkom op die straat en in die gewone lewe vroom moet wees, midde in die werklikheid van die pyn van die lewe en die frustrasie van ons aardse bestaan. Die feit is immers dat ons leef vanuit die Evangelie van die triomf van Christus, waarvan Hebreërs 2:8–9 sê: *Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie, maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood.* Die vroomheid van die Christen is ’n geloofsvroomheid, wat in die vertroue op Christus leer lewe met die spanning tussen die alreeds en die nog-nie.

As die spanning nou alleen veroorsaak sou gewees het deur allerlei rampe en teenspoed, pyn en lyding wat as sodanig maar net oor die mens gekom het, sou dit miskien makliker gewees het om met hierdie spanning saam te lewe. Maar dit het ongelukkig óók te make het met ons blywende sondigheid. Hoewel ons in Christus geregverdig en geheilig is, bly die kwaad nog steeds in ons aanwesig. Dit is wel so dat die perfeksionisme dit ontken. Veral in die Metodisme wat die bron is waaruit die Pentekostalisme en ook die latere Charismatiese Beweging gebore is, word aanvaar dat daar vir die gelowige die moontlikheid bestaan om volmaak geheilig te word. Dit geskied dan in die ervaring wat die “second blessing” genoem word, en waarvan geglo word dat dit die kind van God heeltemal heilig en hom/haar tot ’n staat van sondeloosheid of volmaaktheid verhef. In die Ned Geref Kerk het sommige van die ideë wat met hierdie siening saamhang, sterk ingang gevind deur bepaalde elemente in die teologie van Andrew Murray, hoewel dit eintlik tot volle ontplooiing gekom het in die Pentekostalisme en later in die Charismatiese Beweging. Toe ek ’n kind was, het dit nog sterk invloed gehad in die AEB (Afrika Evangelie Bond). Verskille hieroor het ook gelei tot ’n kerkskeuring en die totstandkoming van die sg. De Vos-kerk (waaruit die latere Christelike Gereformeerde Kerk gebore is).

In die gereformeerde teologie is die perfeksionisme altyd bestry, omdat die gereformeerde teologie op grond van die Bybel daarvan uitgaan dat ons in hierdie lewe nooit volkome volmaak sal wees nie. Daar is wel ’n groei en toename in heiligheid by die kind van God wat gehoorsaam is aan die leiding van die Gees, maar dit bly ten diepste altyd gebrekkig. Ons weet dat die Bybel sê dat ons ons naaste moet liefhê soos onself, dit is: dat ons aan die naaste alles moet doen wat ons sou begeer dat andere aan ons moet doen (Matteus 7:12; Lukas 6:31). Maar selfs die allerheiligste, sê die Heidelbergse Kategismus (HK), het in hierdie lewe maar nog net ’n nietige begrip van die gehoorsaamheid wat God vra. Dit is wel so dat hulle ’n ernstige voorneme het om nie alleen volgens party nie, maar om volgens al die gebooe van God te lewe (HK vr. 114).

Dit is ’n geweldige eis wat aan ons gestel word. Dit geld veral as ons begryp dat die naasteliefde nie in gevoel opgaan nie, maar moeilike eise aan ons stel, soos sorg vir die naaste, vergiffenis, gebed en barmhartigheid. In die algemeen vra die gebod ons om ons in die skoene van die naaste te stel en aan hom/haar te doen wat ons sou begeer aan ons gedoen moet word. Ons moet in ons naasteliefde iets afbeeld van die wyse waarop God ons dra en vir ons goed is. Maar hoeveel afkeer van die naaste vind ons dikwels nie juis in onself nie? Hoe word ons lewe tog nie maar vir die grootste gedeelte beheers deur ons eie begeertes en belange nie? Dikwels sien ons die nood en gaan soos die priester en Leviet in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, maar liever anderkant verby.

Daar is so baie dinge in ons lewe wat ons bly herinner aan ons sondige aard. Dikwels is ons vir onself ’n raaisel. Ons weet nie waarom ons reageer soos ons reageer nie – ons word kwaad, voel onself gegrief, ervaar soms gevoelens van haat in ons opkom as ons meen dat ons te na gekom is. Dan word dit vir ons duidelik dat die ou mens in ons nog nie dood is nie.

As ons Psalm 51 lees, kan ons soveel van ons eie gevoelens in Dawid se belydenis van skuld herken. Die hele geskiedenis van Dawid se owerspel, sy pogings om dit te bedek en sy uiteindelijke moorddadige stap om sy sonde te verdoesel, laat ons besef hoe naby die kind van God nog altyd aan die kwaad is. Die Heidelbergse Kategismus sê tereg dat daar by die kinders van God nog net 'n nietige begrip van gehoorsaamheid is. Trouens, groei in heiligmaking beteken dat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter leer ken. Dit is 'n basiese element van ons heiligmaking, sodat ons hoe langer hoe meer ootmoedig kan word en ons toevlug steeds opregter by Christus moet soek.

2.3 Die mens van Romeine 7

In die gesprek oor die blywende sondigheid van die kind van God is daar deur die loop van die eeue altyd weer 'n beroep gedoen is op Romeine 7:14v. Dié hoofstuk is in die geskiedenis van die kerk verskillend uitgelê. Sedert die tyd van Augustinus is dit in die kerk verstaan as 'n getuienis van Paulus self oor sy eie posisie as kind van God. In vers 7–13 sou dit gaan om sy ervaring voor sy bekering, en in vers 14–26 om sy ervaring as gelowige. Daaruit is afgelei dat die mens in Christus, ondanks die wonderlike vryspraak en die vernuwung waarvan in Romeine 3–6 sprake is, nogtans ook as gelowige die mag van die sonde bly ervaar en, ondanks die wil om die goeie te doen, nog maar net 'n klein beginsel van gehoorsaamheid vertoon. Die HK bring met verwysing na Romeine 7 hierdie standpunt onder woorde deur te sê dat die allerheiligste mense, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n nietige begrip het van die gehoorsaamheid wat God vra, maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens party nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe. In sy boekie “Het geloof en zijn moeilijkheden” het JH Bavinck juis met 'n beroep op Romeine 7:18 daarop gewys dat juis die kind van God ervaar hoe listig sy/haar hart is. Daar is in ons nog altyd soveel onverklaarbare ongeloof, teenstrydighede en sonde aanwesig.

Tog was daar altyd ook diegene wat hierdie verstaan van Romeine 7 afgewys het en daarvan oortuig was dat dit in Romeine 7 nie om 'n tekening van die gelowige gaan nie, maar om 'n uiteensetting van die posisie van die mens buite Christus as 'n lewe onder die heerskappy van die sonde en die vlees. Romeine 8 sou dan die situasie beskryf van die mens wat van die heerskappy, van die sonde verlos is deur bekering tot en oorgawe aan Christus. Dié uitleg is altyd deur gereformeerde uitlegkundiges afgewys, maar in die jongste tyd het verskillende betroubare teoloë (bv ook HN Ridderbos) die standpunt ingeneem dat dit in Romeine 7 nie om 'n tekening van die Christen gaan wat nog steeds 'n stryd teen eie sondigheid het nie, maar om die Joodse mens wat die wet liefhet en in die lig van die wet wil lewe, maar nie daarin kan slaag nie, omdat dit immers alleen kan gebeur as 'n mens deur Jesus Christus van die vloek van die wet verlos en deur die Gees wederbaar is.

Persoonlik meen ek dat dit moeilik is om by die argumente van Ridderbos verby te kom. Hy voel aan dat Romeine 7 gesien moet word as verduideliking daarvan dat die mens onder die wet nooit van die mag van die sonde kan loskom nie, omdat hy as sondaar deur die eis van die wet juis tot sonde geprikkel word. Daarom beteken verlossing dat 'n mens eers in Christus van die eise van die wet vrygemaak word, om dan onder die leiding van die Heilige Gees te lewe en só te doen wat die wet na sy diepste intensie vra. En tog, al is Ridderbos se argumente helder en oortuigend, kan 'n mens tog nie so maklik aan die probleme rondom Romeine 7 verbykom deur te sê dat dit net die posisie van die mens onder die wet skilder nie, dit is: die onwedergebore mens wat wel die goeie wil, maar dit nie sonder die krag van die Gees kan doen nie.

Ridderbos ea mag eksegeties gelyk hê, maar die feit bly dat die Christelike teologie sedert die dae van Augustinus in die lyn wat oor Luther en Calvyn na Karl Barth en ander teoloë tot vandag toe loop, steeds weer in Romeine 7 'n beskrywing van die stryd van die Christen

herken het. Dit beteken dat die stryd en die mislukking van die mens wat die wet wil hou, in die hoofstroom van die reformatoriese teologie nog steeds ervaar is as 'n stryd waarin nie net die Jood met sy wettiese opvattinge nie, maar juis ook die Christen gewikkel is. Ook gelowiges wat hulle redding volkome van die genade van God in Christus verwag, kan blykbaar nie anders as om hulleself nog steeds in Romeine 7 te herken nie. Dit kan alleen beteken dat wat objektief volgens Romeine 6 en 8 in Christus van ons waar is, subjektief nog nie deur ons as waar ervaar word nie. Ons glo dat ons, wat ons redding betref, in Christus volkome van die sonde bevry is en dus óók van die eise van die wet, maar ons ervaar in ons lewe juis die stryd teen die sonde. Die Gees oortuig ons daarvan dat ons nog steeds die vrug van die vlees voortbring in plaas van die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22). Al is dit waar dat ons nie meer onder die wet staan nie, maar onder die genade, oortuig die Gees ons tog voortdurend daarvan dat ons nie die vrug van die Gees dra nie, maar die werke van die vlees volbring.

Daarom het ek in my eie kommentaar op Romeine vir die uitleg gekies dat Paulus in Romeine 7 nie met outobiografiese mededelings besig is nie, maar met die skildering van die onmag van die mens om vanuit sy/haar eie krag die wet te onderhou. Vanuit die mens se eie vleeslike natuur is dit onmoontlik om te doen wat die wet vra – of daardie mens nou 'n heiden is wat die wet nie ken nie, 'n Jood wat die wet ken en liefhet, of 'n Christen wat uit die vergiffenis lewe. Terwyl Paulus aan Christene skrywe, gaan hy uit van die kennis en ervaring van die gemeente, maar hy gebruik dit as argument om die mag van die sonde en die kragteloosheid van die wet te illustreer. Wat by alle mense die geval is, kom in die ervaring van die gemeente na vore as 'n pynlike bewussyn van die magteloosheid van die mens om in eie krag die wet van God te onderhou. Die “ek” van Romeine 7 verteenwoordig dus die gelowige wat vanuit sy kennis as gelowige praat oor die magteloosheid van die mens as sodanig (buite of binne die gemeente) om in eie krag die wet van God te onderhou. Juis die mens-in-Christus wat van die vryspraak in Christus weet, én wat weet dat oorwinning oor die sonde net moontlik is deur die versoening in Christus en die krag van die Gees (vs 24), ervaar dat ook hy/sy nie in staat is om die wet van God volkome te gehoorsaam nie. Hierdie interpretasie kan myns insiens die beste reg laat geskied aan die laaste woorde van vers 24: So is dit met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.

Maar hoe dit ook sy, alle onderlinge verskille oor die regte interpretasie van Romeine 7 neem niks daarvan weg nie dat die Skrif as geheel ons laat sien dat ook die bekeerde en verlose mens nog steeds met die mag van die sonde in eie lewe te make het. Dit is eenvoudig ons aardse realiteit, ongeag ons geestelike status en posisie in Christus.

Daarom is dit nie vreemd dat ons in die NT so baie hoor van die sondes van die gelowiges nie. Dink maar aan die brief van Paulus aan die Korintiërs, waarin daar wel talle blyke van 'n ernstig-bedoelde en selfs entoesiastiese geestelike lewe by die Korintiërs voorkom, sodat 'n mens seker van 'n geestelike erns by hulle sou kon praat, maar waarby dit tegelykertyd óók duidelik word dat dit 'n gemeente vol sonde en vleeslikheid was. Ons hoor by hulle van geestelike verdeeldheid (hfst 1–4), van verregaande onsedelikheid (hfst 5), van hofsake tussen Christene (hfst 6), selfs van die gevaar van afgodery (hfst 10), van onreëlmatighede by die nagmaal, van liefdeloosheid ens. Die tweede brief aan die Korintiërs maak selfs 'n uitvoerige verdediging van Paulus se apostoliese gesag noodsaaklik. Aan die Galasiërs skryf Paulus dat hy vrees dat hy dalk tevergeefs onder hulle gewerk het (Galasiërs 4:11). Ons sou sulke voorbeelde uit haas al die briewe na vore kon haal. Die vroeë kerk was nie 'n ideale grootheid nie, en die kerk deur die eeue was nooit 'n sondelose kerk nie.

2.4 En ons dan?

En hoe sou dit dan met ons anders gesteld wees? Ondanks ons verhewe posisie in Christus

sien ons aardse realiteit daar dikwels maar haglik uit. Wie van ons ken nie die voortdurende stryd teen die sonde in ons eie lewe nie? Ek het reeds daarop gewys dat Romeine 7 dwarsdeur die geskiedenis deur leidinggewende Christene verstaan is as 'n beskrywing van die situasie van die gelowige, en dit is 'n mondvul. Want daarmee word maar net bevestig dat die kerk deur die eeue verstaan het wat Luther onder woorde gebring het deur te sê dat die gelowige simul justus et peccator is: tegelykertyd regverdige en sondaar. Die hele NT getuig van die stryd teen die sonde in die lewens van die gelowiges. En ons ken dit self maar alte goed.

Dit is waar dat Christene in hulle geestelike lewe soms wonderlike vernuwende ervaringe met die Gees van God kan hê en dat hulle lewe grondig verander kan word. Daarna moet ons voortdurend verlang en daarom vir onself bid. Maar dit beteken nie dat daar in hierdie lewe 'n definitiewe oorgang kan wees van die sonde in ons reële situasie na 'n stand van volkome sondeloosheid nie. Dat ons in Christus is, dat ons saam met Hom reeds in die hemel is, dat ons in Hom die versekering het van die uiteindelijke triomf oor die sonde beteken nie dat ons dit nou alreeds het nie. Daarom moet ons telkens maar weer terugkom, belydenis doen, nederig bly en die Here vra om daagliks deur die Heilige Gees die vrug van die nuwe lewe in ons uit te werk.

Die groot stryd in die lewe van die gelowige word uitgeveg rondom die ingekeerdheid van die mens in hom/haar self. Die ingeboënhed in onself en die matelose selfliefde is die wortel van die kwaad in ons (vgl. Martin Luther se tipering van die sondige mens as 'incurvatus in se', dit is: ingeboë in homself). Die uitdrukking het die onvoorstelbare ek-gerigtheid van die mens, ons selfliefde en selfsoeke op die oog. Die woorde van Christus dat ons ons naaste moet liefhê soos onself moet nie verstaan word as 'n gebod tot selfliefde nie, maar as 'n manier om aan ons te sê dat ons die naaste net so spontaan moet liefhê as wat ons onself van nature het. Die liefde wat Christus daarby op die oog het, is nie ons sondige en selfsugtige selfliefde nie, maar die natuurlike liefde wat daarin bestaan dat ons onself uit Gods hand aanvaar. Dit kom tot uitdrukking in die natuurlike lewensdrif en is deel van ons gehoorsaamheid aan God. Wat die gebod van ons vra, is om presies so positief teenoor ons naaste te staan as wat ons spontaan teenoor onself staan. As dit op 'n keuse aankom, moet ons selfs ook bereid wees om ons lewe vir die naaste te gee om sy of haar lewe te beskerm.

Ons word egter in ons ingesteldheid teenoor die lewe en die naaste heeltemal skeefgetrek deur ons sondige ingeboënhed in onself, ons matelose selfliefde, waardeur ons aan die Bose 'n vastrapplek in ons lewe gee. Die HK sê dat ons deur die sonde van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Dit beteken dat die sonde in beginsel in ons die teendeel bewerk van wat God ons bedoel het om te wees. In NP van Wyk Louw se Ballade van die Bose word die totale beslag beskryf wat die hose op 'n mens lê deur jou eie sondige ek tot die sentrum van jou lewe te maak: "Ek is jou wese se ondergrond, en ek trap in jou spoor soos 'n goeie hond; en voor die daeraad se blank begin, straal ek by albei jou oë in" ens. Die gereformeerde idee van die "total depravity" (totale verdorwenheid) lyk miskien baie pessimisties oor die mens, maar is in werklikheid 'n baie raak tipering van die omvattende aard van die verdorwenheid van ons hart.

Dit is deel van ons heiligmaking dat ons oë steeds meer geopen word vir ons eie verdorwenheid. Hoe nader ons aan Christus lewe, hoe meer word ons bewus van die kwaad wat nog in ons aanwesig is. Daarom kon Luther sê: "Hoe heiliger, hoe sondiger." Hoe nader ons aan die lig kom, hoe duideliker word die vlekke op ons kleed. Dit is 'n pynlike element in ons aardse realiteit.

Maar Goddank: deur die Gees van God word ons tog bevry uit die ban van ons ingekeerdheid in onself, om iets van die vrug van die Gees van Galasiërs 5:22 in ons tot 'n werklikheid te laat word.

3. DIE REALITEIT VAN LYDING (Romeine 8:17–30)

3.1 Ons bevryding in Christus is op aarde nog nie 'n volkome bevryding nie. Ons het nog steeds deel aan die lyding van Christus.

Dit is opvallend dat Paulus in Romeine 8 in die middel van sy doksologiese betoog oor die heerlijkheid van die heil en bevryding wat Christus bewerk het, wat op die heerlike versekering uitloop dat ons kinders en saam met Christus ook erfgename van God is, onverwags in vers 17b sê: *Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlijkheid.* Daaruit word dit meteens duidelik dat die gelykvormigheid aan Christus nie net betrekking het op sy hemelse heerlijkheid nie, maar ook op sy aardse lyding as die voorbereiding met die oog op die hemelse heerlijkheid.

Die identifikasie met Christus in sy dood, waarvan in hoofstuk 6 gesê is dat dit deur die doop beseël word, is nie maar net 'n heilshistoriese feit nie, maar ook 'n geestelike werklikheid in die lewe van die gelowiges. Hulle moet aan die dood sowel as aan die opstanding van Christus gelykvormig word, en die gelykvormigheid aan sy dood neem die vorm aan van die doding van die ou, sondige mens, wat mede-voltrek word deur die gemeenskap aan die lyding van Christus. Daarom is hulle in hierdie lewe onderworpe aan lyding, beproewing en uiteindelik aan die liggaamlike dood.

Paulus self het dit baie reëel in sy lewe ervaar. Dit is betekenisvol dat hy in Galasiërs 6:17 sê dat hy al klaar die littekens van Jesus aan sy liggaam dra. Die woord “stigmata” wat hier gebruik word, ken ons baie goed. Ons sê so maklik dat 'n bepaalde stigma aan iemand kleef. Ons bedoel dit dan in 'n negatiewe sin. Maar vir Paulus is dit geen negatiewe saak dat hy die stigmata van Christus dra nie, want dit sien op sy gelykvormigheid aan Christus, juis wat die lyding van Christus betref.

Letterlik is die stigmata van Jesus die wonde aan sy hande en sy sy. In die kerkgeskiedenis was daar mense wat gemeen het dat as hulle baie naby aan Jesus lewe, hulle ook dieselfde stigmata fisiek deelagtig sou word. Maar Paulus bedoel hier die merktekens van sy gelykvormig-wording aan die lyding en dood van Christus wat tot uitdrukking gekom het in die lyding en vervolging wat hy ter wille van Christus ondervind het. Vergelyk in hierdie verband ook die tekste 2 Korintiërs 1:5 (waar hy praat van oorvloed van lyding ter wille van Christus), 2 Korintiërs 4:10 (ons dra die sterwe van Jesus altyd in ons liggaam saam), Filippense 3:10 (Paulus wens om deel te hê aan Christus se lyding en aan Hom gelyk te word in sy dood), en Kolossense 1:24 (Ek is bly oor al die lyding wat ek ter wille van julle moet verduur, want die vervolging van Christus het nog nie geëindig nie).

Paulus praat in hierdie tekste vernaamlik oor die lyding wat hy in sy diens aan die evangelie moet verduur. Daarvan sal u almal waarskynlik op een of ander manier proefondervindelike kennis hê. Om in die buitelandse sending in te gaan mag vir 'n mens in jou jeug in 'n stadium baie romanties gelyk het, maar ek is daarvan oortuig dat dit in die harde werklikheid van die dien in die sending altyd 'n vorm van lyding en ontbering meebring. In 'n breër sin geld dit tog ook van alle gelowiges, dat hulle op een of ander wyse lyding sal ervaar as hulle Christus opreg wil volg. Dit is eintlik 'n vreemde situasie as Christene nie op een of ander manier geroep word om hulleself aan een of ander vorm van lyding te onderwerp ter wille van hulle getuienis vir Christus nie.

3.2 Ons het ook as mense vanweë die sonde deel aan die lyding wat saamhang met die gebrokenheid van ons aardse bestaan.

Christene het op aarde egter nie net deel aan lyding ter wille van hulle verbondenheid aan

Christus nie. Hulle deel met alle ander mense die gebrokenheid van die aardse bestaan en die lyding wat daarmee saam-hang. In Romeine 8:18v praat Paulus daarvoor as die mees gewone ding: dit lê ingebed in die feit van die onderworpenheid van die skepping aan die verydeling. Ons deel daarin deur ons liggaamlik-aardse bestaan (vs 20–22). Die volkome bevryding en verlossing van die gelowiges kan dus eers 'n werklikheid word as hulle van die verganklikheid van die aardse bestaan verlos word. Eers dan sal hulle ten volle deel hê aan die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God (vs 21). Tot die tyd toe sug die kinders van God wat die Gees as eerste gawe ontvang het, nog saam met die skepping in pyne van verwagting dat God bekend sal maak dat Hy hulle as sy kinders aangeneem het, deur hulle van die verganklikheid te bevry (vs 22–23).

Die gebrokenheid van ons aardse bestaan is aan baie dinge duidelik. Die wêreld is vol liefdeloosheid, misverstande, stryd en wrywing tussen mense. Die ellende en pyn wat daaruit voortvloei, is onberekenbaar groot. Dit sou wonderlik gewees het as Christene nie meer daaraan deel gehad het nie, maar dit is ongelukkig nie die geval nie. Ons vind dit dikwels juis as Christene so moeilik om met mekaar klaar te kom. Ons karakters is so vol haakplekke. Ons ly en ons veroorsaak lyding, dikwels ook in ons pogings om volgens ons Christelike oortuiging te lewe. Dit geld nie net in ons gesinne nie, maar ook in ons arbeidsverbande. Ouers en kinders, mans en vrouens, kollegas en medewerkers vind dit dikwels nogal moeilik om met mekaar klaar te kom en nodig om mekaar met handskoene te hanteer.

Hieruit is die onderskeid tussen ons posisie in Christus en ons aardse realiteit weer eens duidelik. Terwyl ons nog in die liggaam lewe, soos Paulus sê, is ons nie alleen nie volkome bevry van die sonde nie (soos ons gesien het) maar is ons veral ook nie bevry van die gevolge van die sonde, soos dit met name in lyding, swakheid en sorg, pyn en ellende uitdrukking vind nie.

3.3 Christene sug daarom nog saam met die skepping in afwagting van volkome bevryding.

Daar is Christene wat dit soms voorstel asof die kind van God op aarde net vreugde en blydschap moet ervaar en altyd net op die toppe van die berge moet beweeg. Dit is waar: die Here beveel ons in sy Woord dat ons bly moet wees (1 Tessalonisense 5:16). Christus verseker sy dissipels dat hulle blydschap in Hom volkome sal wees en roep hulle daartoe op om hulleself in Hom te verbly. Maar dit neem niks daarvan weg nie, dat die aardse lewe vol droefheid, verdrukking, ellende en pyn is. Die dood bring in ons gesins- en gemeenskapslewe voortdurend droefheid en pyn mee. Selfs Jesus het gehuil by die graf van Lasarus. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daarvan onderwerp het (Romeine 8:20). Dit raak ons lewe daagliks op 'n reële en ingrypende wyse.

Paulus druk dit baie realisties uit deur te sê dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting, maar dat dit nie net die skepping is wat sug nie, maar ook ons wat die Gees as eerste gawe van ons verlossing ontvang het, ons sug ook. Ons lewe nog in die verborgenheid, in die tyd waarin die verskil tussen Gods verlore kinders en ander mense nog nie geopenbaar is nie. Die pyn, lyding, frustrasie en sugte van die kinders van God is 'n diepliggende realiteit van ons aardse bestaan, en dit het geen sin om dit te probeer ontken nie. 'n Mens kan miskien daarin slaag om jouself daartoe op te wek om voortdurend te lag en altyd vrolik en bly te wees, maar ons kan nie altyd daarin slaag nie. Terwyl ons daagliks daarna moet verlang om met die innerlike vrede en blydschap van die Heilige Gees vervul te wees, moet ons realisties genoeg wees om te weet dat ons in hierdie wêreld nog steeds verdrukking en teleurstelling sal ervaar. Ons moet altyd weer bid vir die krag om dit in die lig van Gods komende heerskappy op die regte wyse te verwerk.

Die vrug van die Gees is volgens Galasiërs 5:22 onder meer ook blydschap en Paulus

vermaan die Tessalonisense om altyd bly te wees (1 Tes 5:16). Maar solank ons op aarde is, is ons blydschap getemper deur talle negatiewe dinge wat ons van onself, van andere en van die lewe ervaar en sien. Ons blydschap word daardeur getemper, sodat dit dikwels nie anders kan wees nie, as 'n innerlike blydschap ondanks alles wat ons bedroef maak.

3.4 Die draers van die Evangelie is breekbare kleipotte

In sy eie lewe het Paulus as apostel veel daarvan ervaar. In 2 Korintiërs 4:7–12 skryf hy dat die draers van die Evangelie die skat van die heil soos in kleipotte dra. Hulle is swak, broos en breekbaar. Die krag van die Evangelie kom van God af, nie van die draers daarvan nie. Hy noem 'n hele aantal dinge op wat hulle kenmerk: hulle word verdruk, is oor raad verleë, word vervolgt, op die grond neergegooi en dra die sterwe van Jesus altyd in hulle liggame saam. Die kruis van Christus word in hulle sterflike liggame sigbaar.

Pop skryf in sy kommentaar op 2 Korintiërs ('Apostolaat in Druk en Vertrouwing') dat die kleipot nie net 'n beeld van Paulus se liggaam is nie, maar van die hele mens. Sy lot, sy sorg, sy psigiese toestand, sy liggaamlike lyding, sy vyandige omgewing, ja alles wat sy menslike bestaan kenmerk, is die kleipot. Dit is vergelykbaar met die krip, die strooi en die doeke waarin die kind Jesus neergelê is. So hoort dit. Daarom is dit nie vreemd dat hy aan lyding en verdrukking onderwerp word nie. Só bereik God die doel dat die krag wat van sy apostolaat uitgaan, God se krag is en nie uit Paulus self voortkom nie. Deur die arbeid van Paulus bereik God geweldige dinge, vergelykbaar met die skepping van lig uit duisternis en die opwekking van lewe uit die dood. Maar dit is geensins die geval omdat Paulus self oor daardie krag beskik nie. In 2 Korintiërs 4:8–12 beskryf Paulus die lydingsgestalte van die draer van die Evangelie wat maar 'n kleipot is wat maklik kan breek. Hy sê: Ons dra die sterwe van Jesus altyd saam in ons liggaam, en: Ons word voortdurend uitgelewer aan die dood. Daaruit word dit duidelik dat die groot krag wat van sy bediening uitgaan, nie van homself afkomstig is nie, maar van God wat deur hom werk (Pop: 132–133).

3.5 God gebruik lyding om ons te heilig

Geen mens hou van lyding nie en niemand moet dus ook bid dat God lyding en pyn oor sy/haar lewe moet stuur nie. Maar dit is uit die Bybel en uit ons eie ervaring baie duidelik dat God lyding en pyn gebruik om ons te reinig en te heilig. Omdat ons sondears is, moet ons deur 'n proses van pyn en lyding gesuiwer en gelouter word, sodat ons ons ou natuur kan afsterf en aan ons ou mens gekruisig kan word, om met Christus in 'n nuwe lewe op te staan. Die sterwe en opstanding met Christus is wel heilshistories reeds 'n werklikheid wat met ons aan die kruis van Christus en in die tuin van Josef van Arimatea gebeur het, maar dit moet in ons lewe ook voltrek word as 'n heilsordelike werklikheid, en dus ook as 'n eksistensiële proses. Dit geskied langs die weg van ons bekering en heiliging, en in dié proses speel lyding 'n groot rol.

Die Bybel weet baie goed van die tugtiging van die Here. Hebreërs 12:4v sit selfs uiteen dat God diegene tugtig wat Hy liefhet. Hoe sal God ons ooit kan heilig as Hy ons nie ook tugtig nie? Selfs Christus het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het (Hebreërs 5:8). As kinders van God en werkers in sy wingerd het ons in ons aardse lewe ook deel aan die lyding van Christus en moet ons op talle maniere verdrukking en ellende ervaar. Daaronder kan die kinders van God soms buitengewoon swaar sug.

Ons ken almal die wonderlike gediggie van Totius: 'Waar is 'n lot?' uit sy 'Passieblomme' (wat beteken: lydingsblomme). Totius self het in sy lewe die pyn van lyding op 'n baie gevoelige wyse ervaar. In die gedig beklae hy eers sy eie smart, maar dan vertel hy van 'n vrou wat hy ontmoet het, wie se smarte klaarblyklik nog swaarder as syne was. Die vrou wys hom egter op Jesus wie se lyding ons lyding onvergelyklik daarin oortref het, dat Hy selfs van God verlate was – iets wat nie van ons lyding geld nie. Al kom dit nie in die gedig ter

sprake nie, sal Totius ook geweet het wat die Brief aan die Hebreërs in hfst. 12:11 sê, dat die tug nooit op die oomblik van tugtiging vir ons na iets lyk waaroor 'n mens bly kan wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam aan die wil van God is.

Daar is so baie wilde hare wat ons moet verloor; so baie eie-geregtigheid, so baie selfsoeke in ons ongebrokenheid. Maar as God met ons klaar is, as Hy met ons deur die meul gegaan het, sing ons wel 'n paar note laer – en is dit gelukkig ook met ons so dat ons gehoorsaamheid geleer het uit wat ons gely het.

3.6 Die hoop as fundamentele element van ons geloofslewe

Die volle verlossing is nog iets van die toekoms. Tans het die gelowiges volgens Romeine 8:24–25 dit nog net in hoop. Hulle aanskou dit uit die verte. Hoop is geloof wat op die toekoms gerig is. Dit is die onwrikbare vertrouwe dat God sal doen wat Hy beloof het (Romeine 4:18–22).

Ons het die verlossing en die vreugde daaroor in ons aardse realiteit nie anders as in die vorm van die hoop nie. Maar juis daarom sug ons ook in die verlange daarna. Daar bly in die kind van God (maar eintlik ook in alle mense as res van die geskiedenis na Gods beeld) 'n matelose heimwee en verlange na die egte waarheid en heerlijkheid wat ons op aarde nooit ten volle kan smaak nie. Op aarde bly alles nog so vermeng, so onsuiver. 'n Mens dink vanself aan Eugene Marais se gedig: “'n Druppel gal is in die soetste wyn, 'n traan is op elk vrolik snaar; in elke lag 'n sug van pyn, in elke roos 'n dowwe blaar”.

Juis daarom bly ons hoop dat God uiteindelik alle dinge nuut sal maak. Paulus skryf in vers Romeine 8:24–25: *Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met geduld.* Daarom is die hoop so 'n wesentlike deel van die Christen se lewe.

Ds J Overduin het na die tweede wêreldoorlog waarin hy self veel ellende verduur het, sy bekende boek 'Het Onaantasbare' oor die ware karakter van die Christelike hoop geskryf. Jürgen Moltmann het in die begin van die sestiger jare selfs 'n hele teologie van die hoop ontwikkel ('Theologie der Hoffnung'), omdat dit vir hom duidelik geword het dat ons in hierdie lewe nog so min kan sien van die werklike verlossing wat beloof is. Ons het egter die belofte, en daaraan moet die hoop vashou. Hoop is niks anders nie, as geloof wat op die toekoms gerig is. Vanuit die pyn, lyding en verwarring van ons aardse situasie hou ons aan Gods goedheid en uiteindelijke oorwinning oor alle magte vas soos diegene wat die onsienlike dinge sien. Daarvan getuig die hele Hebreërs 11 in die heerlikste woorde.

4. DIE REALITEIT VAN BENODHEID EN SORGE

Romeine 8:26–28; 35–39 – God staan ons in ons swakhede by; *God laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet*, lyding, benoudheid ens kan ons nie skei van die liefde van God nie.

1 Petrus 5:7: *Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.*

Psalm 46:6, 11–12: *God is daar, die stad sal nie wankel nie. God sal help nog voor die môre kom ... Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.*

4.1 Gods kinders is nie gevrywaar teen benoudheid en sorg nie.

Die feit dat ons kinders van God is, beteken nie dat ons sonder benoudheid, sorg en

spanning is nie. Ek wens ek kon aan u sê dat 'n kind van God geen las meer van hierdie dinge het nie, maar dit sou nie waar wees nie. Die blote feit dat 1 Pet 5:7 ons opwek om al ons bekommernisse op God te werp, toon reeds dat die kinders van God nie sonder meer sonder sorg is nie, maar dat hulle gehelp moet word om daardie sorg te kan hanteer.

Na alles wat Paulus oor die triomf van Gods genade gesê het, weet hy nie net van die sugte van Gods kinders onder lyding nie (Romeine 8:23), maar hy weet ook van die bedreigings wat die lewe inhou, sodat hy in Romeine 8:36 selfs uit Psalm 44:23 aanhaal dat *die dood ons dag vir dag bedreig en dat ons soos slagskape behandel word*. Die kind van God se aardse realiteit is nog vol van lyding, benoudheid, vervolging, honger en naaktheid, gevaar en swaard – wat dit onvermydelik maak dat die kinders van God voortdurend in die posisie verkeer waarin nie alleen sorg nie, maar dikwels ook spanning en vrees hulle begelei.

En nou mag dit so wees dat baie van die benoudhede en sorg wat Paulus geken het, veral saamgehang het met sy buitengewone posisie as rondreisende apostel en dat ons in 'n ander posisie as hy verkeer, maar ons het almal in ons eie situasie genoeg rede tot sorg en kommer, spanning en benoudheid. Dit hang nie net daarmee saam dat die skepping self nog sug in die pyne van verwagting van die nuwe dag nie, maar ook daarmee dat ons self wat die eerstelinge van die Gees ontvang het, nog steeds sug, omdat ons daarna uitsien om van die sorg en benoudhede wat met ons verganklikheid en die moeite van ons aardse lewe saamhang, verlos te word (Romeine 8:22–23).

Dikwels dink ons dat 'n kind van God braaf moet wees, 'n sterk kragmens sonder probleme, en 'n mens kry ook soms dié idee by bepaalde Christene wat “the power of positive thinking” in die praktyk kan bring. Daar is Amerikaners wat werklik raad het met al sulke swakhede. Die Bybel bied aan ons geen maklike resep om oorwinnend te lewe nie. 'n Mens gril soms 'n bietjie van die soort Amerikaanse pragmatisme waarna David Bosch in sy boek, “Spirituality of the Road”, verwys. Hy verwys na 'n boek waarin die outeur die volgende bied: “ten simple, workable goals for developing confidence; three proven secrets for keeping up your vigour; thirteen actual examples of how prayer helped people in need; four words that lead to success; five actual techniques used by successful men to overcome defeat; an eight-point spiritual healing formula; a ten-point guide to popularity (81)”. 'n Mens voel aan dat dit daarin meer om die toepassing van psigiese tegnieke as om die ware geestelike groei en volwassenheid gaan. Die Bybel leer ons eerder dat die kinders van God dikwels saam met die sugtende skepping sug in afwagting van hulle bevryding (Romeine 8:20–23).

Dit is ook hoe ons dit dikwels ervaar. Ons is swak, bekommerd, bang vir die toekoms en gefrustreerd oor die dinge wat met ons gebeur. Ons is kleingelowiges (Matteus 6:30, Lukas 12:28) wat bang is soos Jesus se dissipels tydens die storm op die meer (Matteus 8:26), of soos Petrus toe hy na Jesus op die see wou loop (Matteus 14:31). Dit is nie vreemd dat daar baie gelowiges is wat aan een of ander vorm van depressie ly nie. Dikwels het dit te make met pynlike ervarings en wonde wat ons psigies opgedoen het. Uiteraard het dit ook met 'n gebrek aan Godsvertroue en 'n verkeerde verhouding tot onself te make. Omdat ons onself so mateloos liefhet, kan ons so maklik buitengewoon seer kry as dinge vir ons skeef loop. Die ingeboënheid in onself, die selfliefde en selfsoeke wat ons hart in beslag neem, is baie sterker in ons aanwesig as waarvan onself bewus is. Die feit dat Jesus so pertinent oor sorg gepraat het, bewys dat Hy dit as een van die groot probleme van ons geloofslewe onder ons aandag wou bring (Matteus 13:22, Lukas 8:14; 21:34 ens).

4.2 Die Bybel roep ons op om ons sorg aan God af te gee en Hom volkome vir ons lewe te vertrou.

Die Bybel is baie duidelik daarvoor dat ons ons bekommernis op God moet werp, omdat Hy vir ons sorg (1 Petrus 5:7). In Psalm 37:5 lees ons: *Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg*. Ons weet dat Jesus gesê het dat ons ons nie oormôre moet bekommer

nie (Matteus 6:25–34). Dikwels herhaal ons hierdie tekste vir onself, maar ons slaag nie altyd daarin om te doen wat dit vra nie. Nadat ons in die gebed ons sorg aan die Here afgegee het, tel ons tog maar weer die pak met ons sorg op as ons van ons knieë af opstaan. Soms lê ons in die nag lank wakker en ons besorgde hart is geneig om die dinge dan nog somberder te sien as wat dit is.

Paulus het dit alles seker baie goed geweet en uit sy eie ervaring geken. Daarom is dit dat hy in die triomflied van Romeine 8:31–39 nie net ons ewige redding ter sprake bring as hy sê dat God vir ons is, en dat ons as uitverkorenes van God nie meer die aanklagtes teen ons of die veroordeling vanweë ons sondes hoef te vrees nie, maar pertinent ook verseker dat niks anders ons van die liefde van God kan skei nie. En dan bring hy dié dinge ter sprake wat op ons aardse lewe betrekking het. Dit gaan in vers 35 juis om dié dinge wat ons in diepe sorg en spanning kan bring: *lyding of benoudheid, vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard*. Paulus haal in vers 36 Psalm 44:23 aan waarin gesê word dat die dood die gemeente om Gods wil dag na dag deur die dood bedreig en soos slagskape behandel word. Daarmee wil hy die skynbaar haglike situasie van die bestaan van die gemeente in die wêreld teken, om te laat sien hoeveel dinge haar van die liefde van Christus wil skei. As die duiwel daarin kan slaag om ons uitsig op Gods liefde deur hierdie dinge te verduister, het hy sy doel bereik.

Ridderbos skryf daaroor: “Ten diepste wordt zij (dit is: die gemeente) in haar geheim nooit gekend, maar door de machten, die haar om Christus' wil tegenstaan, in haar leven bedreigd. Anderzijds dient deze aanhaling ook om de noodzakelijkheid, het onvermijdelijke van deze bestrijding te doen verstaan. Wat de gemeente daarin overkomt is haar aandeel in de vijandschap die altijd tegen het volk Gods is uitgegaan en uitgaat, hetzij in de vorm van een 'uitwendige' bestrijding, hetzij in de belaging van haar eigen geestelijk bestaan. Het is niets vreemds dat haar daarin overkomt. Het is gelijk geschreven staat, het moest alzo geschieden, daarvoor behoort zij aan Christus toe; het lijden is, onder een bepaald gezichtspunt, de bestaanswijze van de gemeente” (Romeine in CNT, 201).

Dit is natuurlik waar dat ons benoudheid, sorg, spanning en depressiwiteit nie net te make het met ons bestryding deur die duiwel en die wêreld nie, maar dat dit met ons selfliefde saamhang, en meermale het dit ook te make met ons gebrek aan perspektief op die saak van God en ons verhouding tot Hom as ons Vader. Ons is as mense so ontsettend gekompliseerd. Ons is in onself so verkeerd. Die duiwel vind so maklik 'n aanknopingspunt in ons hart. Ons diepste probleem is 'n geestelike probleem wat saamhang met ons gebrek aan bereidheid om in die geloof alles aan God oor te gee en eenvoudig in sy sorg en liefde te rus.

Daarom roep die Bybel ons daartoe op om ons spanning en sorg aan die Here toe te vertrou. Die hele strekking van hierdie gedeelte (Romeine 8:31–39) is trouens om ons op te wek om die moed te hê om God heeltemal te vertrou in die sekerheid dat alles uiteindelik ten goede meewerk vir dié wat God liefhet (vs 28). Watter donker en somber dinge daar ook oor ons lewe mag heengaan, en hoeveel benoudheid, sorg en spanning dit ook al by ons mag opwek, uiteindelik is dit tog waar dat God vir ons is en dat niks ons van sy liefde kan skei nie, sodat ons nie aan die uitkoms hoef te twyfel nie. Verse 37–38 kom tot die gevolgtrekking dat ons in al hierdie dinge meer as oorwinnaars is deur Hom wat ons liefgehad het.

Daarom kan Paulus ook in Romeine 8:29–30 die versekering gee dat Gods beloftes uiteindelik op 'n volkome manier vervul sal word: *Die wat Hy verkies het, het Hy bestem om aan Christus gelykvormig te wees* – en dit sal ook so geskied. Hoe moeilik ons weg ook mag wees, en watter negatiewe dinge ons ook daarop mag belewe, uiteindelik sal die geloof dit ontvang waarvan dit vashou: God sal waarmaak wat Hy belowe het.

4.3. Die Bybel is daarom vol van die geloofsroem van Gods kinders wat weet dat God

in ons nood dáár is.

Mens sou daarvoor talle dele uit die Bybel kon aanhaal, maar elkeen wat die Psalms ken, sal weet hoe daarin nie net met God geworstel word oor die skadukante van die lewe nie, maar hoe daar ook altyd weer rus gevind word in die geloofsvertroue op God. As voorbeeld daarvan wil ek graag na Psalm 46 verwys, omdat dit so vol is van die geloofsvertroue op God te midde van sorg en stryd. Hierdie Psalm is vol van die gedruis van die golwe, die onstuimigheid van die see, die opstand en geweld van die nasies. Dit is 'n beeld van die nood waarin die kinders van God dikwels tereg kom. Die geloofsvertroue waarvan hierdie Psalm vol is, klink juis op vanuit die bewussyn van nood en bedreiging. God red uit die gedruis van die golwe, uit die donkerte van die nag.

Die Bybel leer nie 'n maklike godsdiens of 'n 'prosperity cult' nie, en sê nie vir ons dat die Here goed vir sy kindertjies sorg en dat hulle daarom altyd net met 'n breë glimlag kan rondloop en alles kan kry wat hulle graag wil hê nie. Dit gaan ook nie van die psigologiese standpunt uit dat ons deur die krag van positiewe denke die tegniek kan bemeester om die lewe met sy probleme te hanteer nie, ook al is dit waar dat die psigologie ons kan help om insig te kry in ons skeefgroei en ons verkeerde benadering van die lewe.

Wat die Bybel vir ons wil doen, is om ons te leer om God te vertrou. Teen hierdie agtergrond moet ons Psalm 46 verstaan. Dit teken die mens se nood in terme van bedreiging deur die siedende see. Ons almal ervaar op een of ander wyse die nood wat saamhang met die wreedheid en woestheid waarmee die lewe ons soms behandel. 'n Mens sou die Bybel tog baie oppervlakkig verstaan, as jy nie onthou dat die Bybel die gebrokenheid van die lewe so ernstig teken, dat daar selfs 'n kruis in die middel van die Bybel staan nie. Óf as jy sou vergeet dat Jesus aan die kruis uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Psalm 46 verkondig nou egter aan ons, net soos die hele Bybel, dat God juis in al ons nood dáár is. God is 'n toevlug en beskerming (vs 2); God is 'n rots wat vas is as alles wankel en versink (vs 3–4); God is daar (vs 6), God sal help (vs 6). God sal sy stem laat hoor (vs 7). Die Here is die Almagtige en Hy is by ons. Dit is selfs die refrein van die Psalm (vs 8 en 12). God doen ontsettende dinge (vs 9) – soos met name (en dit is die onverwagte) dat Hy oorloë laat ophou en vrede bring. Hy bring stroompies van vrede in die Godstad (vs 5). Hier het ons werklik met die Evangelie te make: God deurbreek die storm en die oordeel en demp die afgrond om ons. Hy bou 'n skans op teen die sinloosheid van die lewe en die duisternis wat rondom ons dreig. En Hy kan dit doen, omdat Hy self in die benoudhede van sy volk benoud is (Jesaja 63:9 – Ou Vertaling) en in ons nood ingaan. Jesus se roep van verlatenheid aan die kruis bevestig juis hoe diep God Self in ons nood ingedaal en dit op Hom geneem het.

Daar gaan van Psalm 46 'n sterk appèl tot geloof na ons uit. In Psalm 46:11 staan daar: *Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.* Glo dit tog! Dit is ons groot troos dat God dáár is. Daarom is Totius se beryming van Psalm 46 so pragtig. Dit is één stuk geloofsroem teen alle donkerte in. Veral is mooi vers 3: "Die Heer is daar, Hy hou die wag; so gaan die donker uur dan om ... Daar is werklik geen nood so groot of klein, dat ons nie daarvan kan sê dat die Here dáár is, en dat die donker uur sal omgaan nie." Die hele triomf van Romeine 8:31–39) reeds opgesluit in Psalm 46. Daarom kom die appèl tot ons: bedaar, bedaar en weet dat Ek God is. God doen geweldige dinge op die aarde – Hy laat oorloë ophou, Hy verbreek pyle en boë, Hy is vir ons 'n beskutting (vs 12).

Ek dink in hierdie verband altyd aan HA Fagan se gediggie: 'Ek het 'n huisie by die see', wat so aangrypend mooi deur Laurika Rauch gesing word. Ek haal dit hier in sy geheel aan:

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig,
Ek hoor dan maar hoe loei die wind daar buite
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

Al is dit heeltemal nie as 'n godsdienstige gedig geskryf nie, kan ek as gelowige die geloofsroem van Psalm 46 daarin lees: Die Heer is daar, Hy hou die wag – so gaan die donker uur dan om (beryming van Totius).

Dit sien ons ook in die kruisdood van Christus. Hy het in sy aardse lewe nie fisiek getriomfeer nie, netso min as Israel, die volk van God op aarde wat die meeste van alle volke gely het. Jesus het aan die kruis ook niks anders gehad om Homself aan vas te klem nie, as net die geloof. Die Joodse leidliede het skynbaar geslaag. Jesus se noodroep in Getsemane en aan die kruis val skynbaar op dowe ore. En tog hou die geloof daaraan vas dat geen dood of lewe, engele of magte, hoogte of diepte ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie. Dit het Jesus self ervaar en dit ervaar ons telkens weer: “Die Heer is daar, Hy hou die wag – so gaan die donker uur dan om. Hy red wanneer die vroeë dag goudglansend oor die berge kom.”

4.4 Daar is 'n groot stuk geestelike volwassenheid nodig om van onself weg te kyk en die saak van Gods koninkryk voorop te stel.

Een van die merkwaardige dinge wat ons by Paulus opmerk, is sy geestelike volwassenheid. Dit kom veral duidelik na vore in Filippense 1:12–26. Die woorde is geskrywe onder haglike uiterlike omstandighede. Paulus is in die gevangenis, heeltemal onskuldig. Sy belangrike werk staan dus stil. Daar sou dus genoeg rede vir negatieweit gewees het. Maar hy is deur die Gees geleer om nie soos 'n kind op dinge te reageer nie. 'n Kind is geneig om altyd alles op homself te betrek en vanuit sy eie gesigshoek te bekijk. Maar Paulus is volwasse genoeg om nie net persoonlik gerig te wees nie, maar saakgerig. Hy krimp dus nie ineen vanweë die haglikheid van sy situasie nie, maar vra hoe die saak waarvoor hy staan, ook in sy nuwe situasie bevorder kan word. Dan sien hy die verleentheid van sy gevangenskap as 'n geleentheid om die Evangelie in die tronk te verkondig.

Hy omskep sy verloor-situasie in 'n wen-situasie, deurdat hy die tyd in die gevangenis positief gebruik, nie net om daar 'n getuie vir die Evangelie te wees teenoor die keiserlike lyfwag nie (Filippense 1:13), maar ook om hierdie en ander briewe te skrywe, wat vir 'n ongetelde skare van mense deur die eeue tot groot seën was. Daarby het die wyse waarop hy sy boeie aanvaar, vir andere beteken dat hulle vertrouwe versterk is en dat hulle die Evangelie onbevrees verkondig het. Dit beteken dat Paulus 'n positiewe instelling behou. Die voortgang van Gods koninkryk is vir hom belangriker as sy eie voor- of teenspoed. Om sake só te sien, is 'n groot stuk geestelike volwassenheid nodig. Dit verg 'n kinderlike vertrouwe in die goedheid en wysheid van God om geestelik volwasse te wees en ons deur die saak van

die koninkryk, eerder as deur ons eie belange en wense se laat lei. Dit is 'n groot stuk genade in 'n mens se lewe as dit sover kan kom.

Die hoogtepunt van die gedeelte is dat Paulus in sy moeilike omstandighede sê: *Ek verbly my*. Dit kan 'n mens eintlik alleen sê as die lewe vir jou Christus is en die sterwe wins. Hy wil God in alles verheerlik. Hier het ons werklik 'n les in geestelike volwassenheid. Die kenmerk daarvan is dat altyd na die positiewe in 'n situasie gevra word en nie net na die negatiewe nie. Dit maak 'n mens ook sâák-gerig, en nie net persoonlik-gerig, in die sin dat dit net vir jou gaan om hoe jyself daardeur geraak word nie. In Paulus se geval is 'n situasie van verleentheid juis omgekeer in 'n baie positiewe geleentheid om iets te doen wat vir die kerk van alle eeue van betekenis was. Ds Overduin het in sy boek "Worden als een man" (1967) uitvoerig daarop ingegaan dat die ingesteldheid op die saak en nie net op ons persoonlike belang nie, die kern van geestelike volwassenheid uitmaak. Mag God ons die genade gee dat dit ook in ons negatiewe situasies die geval mag wees!

5. NIKS KAN ONS VAN GODS LIEFDE SKEI NIE

Romeine 8:31–39 – *Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? ... In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet ... Hiervan is ek oortuig: (niks) kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

Psalm 62:2,6 – *Net by God vind ek rus.*

Psalm 42:1 – *Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God.*

2 Korintiërs 12:10 – *Want as ek swak is, is ek sterk*

Paulus is volledig realisties oor die negatiewe kante van ons aardse stryd en sorg. Maar dit maak hom nie negatief en depressief nie. Hy het genoeg rede om te jubel oor Gods liefde en sorg, en hy kan selfs in sy swakhede roem, omdat hy weet dat hy veilig en geborge is by God en juis só vrugbaar as kind van God kan lewe. Kom ons let op die volgende aspekte van sy boodskap:

5.1 Ons is meer as oorwinnaars, want God is vir ons en niks kan ons van die liefde van Christus skei nie.

Ons sluit aan by wat ons by die vorige onderwerp reeds gesê het oor die geloofsroem van Gods kinders, as ons tans die aandag vra vir die houvas en troos wat die geloof in God aan ons in ons aardse realiteite bied. Hoewel ons reeds meermale na uitsprake in die gedeelte Romeine 8:31–39 verwys het, wil ons hier in die besonder ons aandag rig op die triomfantelike wyse waarop Paulus hier alles saamvat wat hy tevore gesê het. Vanaf vers 18 het hy gewys op ons lyding, sugte en verleenthede, en dit was deurgaans duidelik dat ons in dit alles deur Gods beloftes gedra word, sodat ons daarop mag reken dat die lyding wat ons tans verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat sal kom nie. In vers 26 het hy gesê dat ons nie weet wat en hoe ons behoort te bid nie, maar ons tog getroos met die versekering dat die Gees vir ons intree met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. In vers 28 het hy daaraan die wonderlike geloofsbelydenis toegevoeg dat ons weet dat God vir ons alles ten goede laat meewerk, en dat die wat deur God verkies en bestem is om aan sy Seun gelykvormig te wees, ook geroep, vrygespreek en verheerlik sal word (vs 29–30).

Maar nou gaan hy die vraag stel wat nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge is. En dan breek hy in 'n jubellied daaroor uit dat God vir ons is en dat absoluut niks ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie. Daarmee konfronteer Paulus daarmee die rykdom van die heil in Christus met alles wat in die teenwoordige tyd daarteenoor staan en die sekerheid daarvan skynbaar bedreig.

Die sentrale stelling wat Paulus maak, is dat God vir ons is. Dit beteken: God is ons toegeneë, Hy is aan ons kant, Hy is op ons ingestel. Daarom het die liefde van God in Christus alles gedoen wat nodig was om ons te red van die ewige verlorenheid (vs 32). God het sy eie Seun nie gespaar nie. God het by wyse van spreke sy eie hart vir ons gegee. Daar is nie iets méér wat God kon gegee het, as sy self-wegskenkende liefde nie. Jesus het vir sy dissipels gesê dat niemand groter liefde het as iemand wat sy lewe vir sy vriende gee nie (Joh. 15:13) – en Hy het sy lewe vir sy vriende gegee, omdat God in sy Seun Homself aan ons in liefde gegee het. Dit is noodsaaklik dat ons tyd moet neem om daarvoor te mediteer dat God ons werklik liefhet, en om dit vir ons persoonlik toe te eien. Ons raak so gewoon aan die klank van die Bybelse woorde, dat ons die betekenis daarvan nie meer aanvoel nie. Daarom is dit ook vir mense wat jare lank kinders van God is, absoluut noodsaaklik om die tyd te neem om dit opnuut weer tot hulle te laat deurdring dat God hulle persoonlik werklik onbeskryflik lief het.

Juis op grond daarvan kan Paulus so oortuig daarvan wees dat ons meer as oorwinnaars is in al die swarighede wat aan ons aardse situasie verbonde is. Hy daag by wyse van spreke alle negatiewe dinge uit om ons van die liefde van Christus te probeer skei: lyding, benoudheid, vervolging, honger, armoede, gevare, oorlog. Daarmee sê hy dat die verskriklikhede van die lewe, niks van die donker dinge wat ons so verwar en ontwrig, wat vir ons so swaar is en ons so ontsenu, ons van Gods liefde in Christus kan skei nie. Daarmee word nie net bedoel dat ons nie van die liefdesgesindheid van God in Christus geskei kan word nie, maar ook dat ons nie van die liefde wat alles reeds volbring het, geskei kan word nie. Vandaar sy uitdagende toon.

Baie van die dinge waarna hy verwys, het hyself reeds ervaar, maar hy weet dat dit hom nie van Gods liefde in Christus geskei het nie. Trouens, dit is ook volgens die Skrif dat kinders van God altyd weer in benouende situasies sal kom. Vers 36 bevat 'n aanhaling uit Psalm 44 waarin die nood van die Oud-Testamentiese Godsvolk verwoord word. Dit wys op die haglike, bedreigde en soms hopelose situasie waarin die gelowiges kan kom. Ons moet daarby seker nie net aan uiterlike vervolging en swaarkry dink nie, maar aan alle vorme van bedreiging, spesifiek ook geestelike aanvegting en stryd wat met ons aardse realiteite gegee is.

Maar juis met betrekking daartoe jubel Paulus oor die triomf, die geestelike oorwinning oor die donker dinge van ons aardse realiteite. Paulus gebruik hier terme wat uitdrukking verleen aan 'n alles te bowe gaande triomf. Die woord “hipernikomen”, ons is méér as oorwinnaars, kom slegs eenmaal in die NT voor. Dit staan daarop dat die gelowiges reeds oorwinnaars is, en hulle is dit nie ondanks hulle teenlae en stryd nie, maar in al hierdie dinge. Kinders van God het die krag om juis in die stryd te triomfeer. Hulle word nie daaruit weggeneem nie. Te midde van die stryd en teenspoed bly hulle oorwinnaars, nie omdat hulle self so sterk en goed is nie, maar deur Hom wat vir ons liefhet.

Dit beteken sekerlik nie dat die teenhede nie kan seermaak en veel leed kan veroorsaak nie, maar hulle kan ons nie van die liefde van God skei nie. Dit is die hoogste troos. Oorwinning oor hierdie dinge beteken nie dat hulle nie ervaar word nie, maar dat hulle ons nie klein kan kry nie, omdat hulle ons uiteindelik nie van Gods liefde kan skei nie. Die waarde van 'n Christen se lewe word nie gemeet aan die sukses daarvan in aardse terme nie, maar aan die gemeenskap met God wat daarin aanwesig is.

5.2 Daarom is dit so belangrik om te weet: Net by God vind ek rus (Psalm 62:2,6)

Dit is 'n waarheid wat die vromes in die Ou Testamentiese tyd reeds baie goed geken het. Dit gaan in ons geestelike lewe ten diepste om ons gemeenskap met God Self en ons rus in God Self. Die wandel met God is 'n waarde in sigself, nie maar net die toerusting daarvoor om allerlei wonderlike dinge te doen nie. Daarom is dit so belangrik dat geestelike arbeiders

nie moet toelaat dat hulle heeltemal in beslag geneem word deur al die baie dinge wat hulle moet doen nie, sodat daar tyd kan wees vir hulle eie omgang en gemeenskap met God. 'n Gevaar vir alle arbeiders in diens van die Evangelie is dat hulle so besig kan wees met die pligte wat deur hulle amp meegebring word, dat hulle self geestelik verarm. Daarom moet hulle doelbewus daaraan werk om self tye van rus by God te vind.

In vraag en antwoord 1 van die Larger Catechism van die Westminster Assembly lees ons: "What is the chief and highest end of man?" Daarop is die antwoord baie eenvoudig: "Man's chief and highest end is to glorify God and fully enjoy him for ever" (Psalm 73:24–28; Joh. 17:21–23). Dit gaan dus om twee dinge: om God te eer en om God vir ewig te geniet. Laasgenoemde is vir ons 'n vreemde uitdrukking. Ons dink eerder in terme daarvan om God te eer as in terme daarvan om Hom te geniet. Tog wil God ook daarin geëer word, dat ons vreugde in Homself vind, omdat ons ons verlustig in sy heerlijkheid, liefde, goedheid en trou. Die vreugde in God is nie maar iets bykomstigs wat ons desnoods kan verwaarloos nie, maar iets wat direk gegee is met ons oorgawe aan en liefde vir God. Om verlos te wees, is nie net om seker te wees dat ons nie verlore sal gaan nie, maar om te lewe in die vreugde van die liefde van God. Dit gaan in ons godsdiens om meer as om net van die ewige verlorenheid verlos te wees: dit gaan oor die vreugde in en ewige lofprijsing van God wat in Homself die nooit volprese en onbeskryflik heerlike God is, buite wie daar niks in die hemel of op die aarde is wat naas Hom begeer kan word nie. In Psalm 73:25 staan: Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie, en in vers 28 word daarvan toegevoeg: Dit is vir my goed om naby God te wees.

Daarom kan Psalm 62:2 en 6 ook sê Net by God vind ek rus. Die digter het blykbaar baie vyande wat hom op allerlei maniere aanval en bedreig. Sy lewe is opgejaag, vol vrees en stryd. Maar hy ontvang die genade om deur al dié dinge heen te stoot tot op die wesenlike en by God tot rus te kom. Ons het ook hierdie behoefte aan rus by God alleen. Seker, dit gaan by ons dikwels nie om fisieke vyande met wie ons in 'n situasie van oorlog verkeer nie, maar ons lewe is tog nie minder bedreig en vol allerlei swarigheid nie. Die realiteite van ons lewe verduister ook vir ons dikwels die visie op God en daarom verloor ons die rus wat 'n mens alleen by God kan vind. Ons kan so besig wees met baie dinge, dat ons ook die één ding vergeet waarvan Jesus vir Marta gesê het dat dit al is wat nodig is: om aan sy voete te sit (Lukas 10:41–42).

5.3 Daarom is dit so belangrik dat ons in ons lewe ruimte moet maak vir die verlange na God self (Psalm 42).

Ons ken Psalm 42 so goed. Ons sing dit so graag. Maar merk ons nog die vreemdheid daarvan op? Die digter is in hierdie Psalm nie besig met 'n gebed waarin hy bepaalde dinge van God vra nie. Hy is besig met die werklikheid van God self en sy verlange na God. Die Bybel leer ons oor God dink as die ewige, alomteenwoordige, almagtige, lewende Heer wat wel onsienlik is, maar daarom nie minder werklik nie. Die Bybelse mense het oor God gedink as die Werklik Teenwoordige, Nabye, Spreekende en Handelende God wat ons teëkom in 'n ontmoeting deur die Gees waaraan 'n mens jou nie kan onttrek nie. Dit is oor die verlange na die Lewende God dat Psalm 42 gaan.

En nou is die wonderlike dat die digter nie vir God bang is nie, maar ondanks die onvoorstelbare heerlijkheid van God tog 'n brandende verlange na Hom het. Hy begeer 'n ontmoeting met God, gemeenskap met God, rus in en by God. Hy druk dit baie plasties uit deur te sê: Soos 'n wildsbok wat smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God. Hy weet één ding baie duidelik: net God kan ons siel werklik versadig. Die ewige lewe is om God te ken. Die ewige heerlijkheid is om by God te wees en in en deur Hom te lewe.

Ons kan so besig word met geestelike werk en met al die probleme daarvan, dat ons vergeet

dat dit eintlik in alles om God self gaan. Dan verwaarloos ons die verlange na God self en die gemeenskap met Hom. Ons wandel nie meer, soos Moses, asof ons die Onsienlike sien nie (Hebreërs 11:27), maar ons kyk net teen ons aardse realiteite vas en vergeet die geheim van ons posisie in Christus. Dit kan daarop uitloop dat ons ook self innerlik verdor en nie meer in staat is om die werk van die Here te doen soos ons moet nie, omdat ons die geheim, die mistieke werklikheid van ons lewe in God nie meer besef nie.

5.4 Juis ons moeilikhede en swakhede kan daartoe dien om ons na God uit te dryf en, paradoksaal, ons sterk te maak in sy krag.

Solank ons in die vlees lewe, is dit deel van ons aardse realiteit dat ons te make het met allerlei moeilikhede en swakhede. Deur Gods mag en wysheid gebruik Hy dit egter om ons regtig by die heil en by Homself te bepaal. Solank ons op aarde lewe, bly ons blootgestel aan versoeking. Die geloof bly 'n stryd. Die Bybel wesk ons daartoe op om die goeie stryd van die geloof te stry. Dit maak die wapenrusting van Efesiërs 6:10–20 nodig. Daar is nog steeds soveel magte wat in die wêreld heerskappy voer, en dit kos stryd om teen hulle staande te bly (vgl H Berkhof se boekie: 'Christus en de machten', vertaal as 'Christ and the Powers', waarin veral gewys word op die krag wat strukture en gewoontes kan monster, en waarteen gelowiges hulle moet verset).

Paulus se hele tweede brief aan die Korintiërs is 'n verhaal van sy verdrukking, vervolging, stryd en lyding, ja selfs tot by die aanvaarding van die doring in die vlees. Sy geloofsroem is alles behalwe triomfalities. Christene wat meen dat hulle baie suksesvolle Christene is, kan dikwels baie onuitstaanbaar wees, omdat hulle blind kan wees vir hulle selfverheffing en selfliefde. Dit is moontlik dat 'n mens soos die Galasiërs kan begin met die Gees en eindig in die vlees (Galasiërs 3:3). Daarom is dit ook moontlik dat 'n Christen se werk wat hy vir God verrig het, kan verbrand (1 Korintiërs 3:13–15).

En nou is dit die wonderlike wysheid van God dat Hy ook ons moeilikhede en swakhede waarteen ons stry en waarvan ons begeer om verlos te word, kan gebruik om ons geestelik op die regte weg te hou. Paulus sê dat die Here aan hom die doring in die vlees gegee, 'n engel van die Satan om hom met die vuis te slaan, sodat hy homself nie sou verhef oor die heerlijkheid van die dinge wat hy beleef het nie (2 Korintiërs 12:1–10). Ons weet nie presies wat dit was nie, maar vir Paulus was dit griewend. Hy begryp eers ook nie waarom God dit oor hom toelaat nie: dit beteken immers vir hom lyding, beproewing, teleurstelling en smaad. Miskien het dit hom in sy werk gehinder. Maar God neem dit nie weg nie. Hy gebruik dit ten goede. Hy gebruik dit om Paulus klein en swak te hou en hom te laat verstaan dat Gods genade vir hom genoeg is. Dit kan nodig wees: Ons is sagte teikens vir die Bose as God ons nie klein hou nie.

Die koninkryk van God het 'n snaakse mannekrag-beleid. Oral in die wêreld geld dit dat kragtige figure en persoonlikhede gesoek word vir die werk. Maar in God se werk soek Hy nie na die sterkste persoonlikhede en die grootste presteerders nie: Hy soek juis diegene wat swak is in hulleself, selfs die armes van gees. Pop skryf in sy kommentaar: "Noch Paulus, noch enig ander mens kan bedding zijn voor de levenschenkende, reddende kracht Gods, tenzij hij arm is, nederig, klein, zwak, sonder weerstand" (403). Ook Johannes die Doper het geweet: Hy moet meer word, maar ek minder (Johannes 3:30). Jesus self het arm geword en as Gods Knecht die kruisweg gegaan om te kan dien, en sou ons 'n ander weg kan gaan as ons tot seën vir andere moet wees?

Die realiteite van ons lewe kan vir ons pynlik wees en ons kan soos Paulus God ook meermale bid om dit te verander. Maar dit kan net wees dat bepaalde aspekte daarvan noodsaaklik is om ons klein te hou. Die doring in die vlees is wel pynlik, maar in die hande van die Gees kan dit daartoe dien om ons juis geskik te maak vir die arbeid in Gods koninkryk.

Daarom sluit ek af met die bede dat God u sal laat sien dat die swaar dinge in u lewe nodig kan wees en deur die Gees van God gebruik kan word, juis om u werk as geestelike werk van betekenis te maak. Hoe kleiner en swakker ons in onself is, hoe sterker kan ons in God wees. Uiteindelik dien ons aardse realiteite in al hulle pynlike vorms daartoe om ons meer afhanklik van God, en daarom ook meer bruikbaar vir God te laat wees.